



Vak: Graad 5 Sosiale Wetenskappe (Geografie)

Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geografie): Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 46 Punte

1. D: B en D

4 punte

Verduideliking:

Die twee hoogste berge in Afrika is die Berg Kilimandjaro (5 895 meter bo seevlak) en die Berg Kenia (5 199 meter bo seevlak).

2. 'n land | land

3 punte

Verduideliking:

'nLand is 'n nasie met sy eie regering en beset 'n bepaalde gebied.

3. C: water

4 punte

Verduideliking:

Die kontinent van Afrika word feitlik heeltemal omring deur water in die vorm van oseane en seë.

4. A: Aen D

4 punte

Verduideliking:

Kenia en Mosambiek is die lande wat grense met Tanzanië sowel as die Indiese Oseaan deel. Zanzibar is 'n eiland. Malawi deel 'n grens met Tanzanië, maar het nie 'n grens met dieoseaan nie.

5. Indiese Oseaan | Indiese

3 punte

Verduideliking:

Somalië is aan die Horing van Afrika geleë, met die Indiese Oseaan en die Golf van Aden as watermassas wat die grense vorm.

6. Kenia • Suid-Soedan

4 punte

Verduideliking:

Kaap Verde is eilande aan die ooskus van Afrika; Brasilië is in Suid-Amerika en Namibië is in Suider-Afrika.

7. Nylrivier

3 punte

Verduideliking:

Die Nylrivier is ongeveer 6 670 km lank. Die Nylrivier word gevorm deur die Blou Nylrivier en die Wit Nylrivier. Hierdie twee riviere ontmoet in Soedan om die Nylrivier, wat dan seewaarts vloei, te vorm.



8. Saharawoestyn

4 punte

Verduideliking:

Die Saharawoestyn beslaan die grootste persentasie van die lande in Noord-Afrika. Dié grondgebied bestaan uit sandduine, wat voortdurend van vorm verander, hoofsaaklik as gevolg van wind.

9. Berg Kilimandjaro | Berg Kilimanjaro | Kilimandjaro | Kilimanjaro

3 punte

Verduideliking:

Berg Kilimandjaro is 5 895 meter bo seevlak.

10. onwaar

2 punte

Verduideliking:

'n Meer is 'n grootarea varswater.

11. riviere • lande

6 punte

Verduideliking:

Sommige fisiese kenmerke soos riviere of mere vorm deel van die grense tussen lande. Berge is nog 'n voorbeeld van fisiese kenmerke wat deel vorm van die grense tussen lande.

12. C: driehoek

4 punte

Verduideliking:

Soek die drie driehoeke op meegaande kaart - elkeen het die naam en hoogte van die bergpiek.

13. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Fisiese voorstellings op 'n kaart dui natuurlike verskynsels, wat uitstaan op die land, aan.

Hierdie natuurlike verskynsels is riviere, mere, watervalle en berge.

Totaal: 46 Punte

